Western Cape Government

Western Cape Education Department
Directorate: Curriculum FET

# Afrikaans Eerste Addisionele Taal

## HERSIENINGSBOEK
## 2025 KWARTAAL 2

### Graad 11

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die tweede kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

# Inhoudsopgawe

HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK ..... 2
INLEIDING ..... 2
VISUELE GELETTERDHEID ..... 3
LEESBEGRIP ..... 3
SPOTPRENTE ..... 3
GRAFIESE TEKSTE ..... 6
DIE ADVERTENSIE ..... 8
DIE STROKIESPRENT ..... 10
TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES ..... 11
DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD ..... 11
BYVOEGLIKE NAAMWOORD ..... 12
DEELWOORDE ..... 13
VOEGWOORDE ..... 14
LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM ..... 14
BETEKENISLEER ..... 16
OEFENINGE ..... 18
MOONTLIKE ANTWOORDE: ..... 21

**HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK**

- Jy kan hierdie hersieningsboek gebruik om vir die visuele geletterdheid en taalstrukture en konvensies voor te berei.
- Die inligting van hierdie hersieningsboek sluit aan by die lesse van kwartaal 2 2020 en kwartaal 1 2021.
- Leer die konsepte en doen daarna die oefeninge in hierdie hersieningsboek.
- Vergelyk jou antwoorde van die oefeninge met 'n maat s'n. Sodoende sal julle bymekaar kan leer.
- Probeer eers om die vrae op jou eie te beantwoord voordat jy na die memorandum kyk. Onthou ook dat jou antwoorde by leesbegrip nie noodwendig presies dieselfde sal wees nie, solank dit dieselfde bestekenis oordra. Let ook op jou spelling (los en vas skryf van antwoorde) by die taalstrukture.

**Voorspoed met take en eksamen!**

**INLEIDING**

- In graad 11 moet jy al die verskillende visuele tekste se kenmerke ken en weet hoe om dit te ontsluit sodat jy die boodskap duidelik kan verstaan.
- Jy moet die verskil tussen 'n spotprent en 'n strokiesprent ken. Die spotprent is **een** prent terwyl die boodskap by die strokiesprent d.m.v. **meer as een** prentjie oorgedra word.

- Jy moet kan bepaal wie die teikenmark van jou advertensie is, watter produk / diens of plek geadverteer word en wat die slagspreuk is.
- By grafiese tekste moet jy al die simbole in die weerkaarte, grafieke of diqgramme verstaan en vergelykings tussen voorwerpe kan tref.
- Dit is belangrik om die taalkonsepte vooraf te leer sodat jy tydens toetse en eksamens kan weet hoe om by die antwoord van die vrae uit te kom.

## VISUELE GELETTERDHEID

Visuele tekste kan vir leesbegrip (Vraestel 1 Afdeling A) of vir taalstrukture (Afdeling C) gebruik word.
Let op die volgende aspekte wanneer jy die visuele tekste wil ontsluit.

**Visuele**

- Bewegingstrepe (Strepe wat beweging aandui.)
- Liggaamshouding, bv. gesigsuitdrukking
- Lettergrootte, vetdruk
- Waar die voorwerpe, diere of mense in die teks staan

**Woorde**

- Dit wat gesê of weggelaat word
- Gedagtes
- Leestekens wat aangewend word
- Kritiese taalbewustheid

Jy moet kan onderskei tussen 'n dinkborrel , spraakborrels  en die  wat vir skree aangewend word.

**LEESBEGRIP**

Die spotprent en die grafiese teks word gewoonlik vir die **leesbegrip** in **Vraestel Een** aangewend, terwyl die advertensie en strokiesprent gewoonlik by die taalstrukture en -konvensies gebruik word.
Kom ons ontsluit eers die onderskeie teskte voordat jy die vrae daaroor probeer beantwoord.

**SPOTPRENTE**

Onthou, om die teks te verstaan, moet jy eers kyk na hoe die prent én die woorde bymekaar aansluit om 'n boodskap oor te dra. Kyk ook na die plasing van die karakters en maak afleidings. Jy moet dus eers die prent bestudeer en notas maak. Daarna kan jy die vrae probeer beantwoord.

**Spotprent 1**





**Voorplasing**: Die man en die vrou wat aan vetsug ly.
**Ruimte**: Die plek waar die gebeure afspeel, is 'n supermark.
**Gesigsuitdrukking** dui aan watter emosies die mense ervaar.
**Simbole**: Pyltjies dui aan dat pryse styg- wys opwaarts.
Probeer nou om die volgende vrae oor die **bostaande spotpren**t te beantwoord.

1. In watter gebou speel die gebeure af?
2. Sê of die volgende stelling WAAR OF ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur EEN WOORD aan te haal: Die gebeure speel in Europa af.
3. Wat beteken: **kospryse styg skerp**?
4. Waarom word die twee mense op die voorgrond geplaas?
5. Wat is die verhouding tussen die twee persone?
6. Noem een emosie wat die twee mense moontlik ervaar.
7. Stem jy saam dat die styging in kospryse die vetsug probleem aanspreek? Motiveer jou antwoord deur na die visuele aspekte te kyk.
8. Word die figuurtjie se mening **letterlik of figuurlik** bedoel? Motiveer jou antwoord.
9. Dink jy dis goed vir almal dat die kospryse styg? Motiveer jou antwoord.

**Spotprent 2**

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.




1. Wat is die gesin se van?

2. Sê of die volgende stelling Waar of Onwaar is. Motiveer jou antwoord deur EEN WOORD uit die teks aan te haal. Die spotprent het in ‘n tydskrif verskyn.

3. In watter plek speel die gebeure af?

4. Waarom vier die gesin fees?


5. Waarom is dit ironies dat die seun nie feesvier nie ?

6. Dink jy Boeta dink dit is ‘n mylpaal om te slaag? Motiveer jou antwoord met twee bewyse.


**GRAFIESE TEKSTE**

By die ontleding en interpretasie van grafiese tekste moet jy **simbole en sleutels** wat vir jou gegee word, gebruik om die teks te verstaan.

**Grafiese teks 1**




Die wêreldkaart dui die verskillende kontinente (vastelande) aan waar Malaria voorkom. Die donkergrys dui die gebiede aan waar Malaria nie voorkom nie. Die liggrys dui die gebiede aan waar Malaria wel voorkom.





By die **kolomdiagram** kom daar verskillende kategorieë voor. Die eerste kategorie stel die **jaargetalle** langs mekaar voor en hoe die aangemelde gevalle van malaria vir die tydperk 1971-1999 toegeneem het. Die aangemelde gevalle word d.m.v ʼn kolomdiagram (vertikaal) aangedui. Die kolom waar die aangemelde gevalle die hoogste is, sal dus die langste wees. Die kolom waar die aangemelde gevalle die laagste is, sal dus die kortste wees. Die aantal sterftes weens Malaria word op die horisontale as aangedui.

Vrae:

1. Op watter kontinent / vasteland kom daar die meeste gevalle van Malaria voor?
2. Vul die ontbrekende woord in: Indien jy in Afrika woon, is jou kanse baie … om Malaria op te doen.
3. Noem enige kontinent waar daar geen Malaria voorkom nie.
4. Hoeveel mense het gesterf in die jaar toe 26 449 gevalle van Malaria aangemeld is?
5. Gedurende watter jaar is die meeste gevalle van Malaria aangemeld?
6. Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. Hoe meer gevalle van Malaria aangemeld is, hoe meer het die aantal sterftes (toegeneem / afgeneem).
7. Wat dink jy kan gedoen word om te keer dat meer mense Malaria kry?

**Grafiese teks 2**

Bestudeer die onderstaande grafiese teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.




[Bron: Die Burger, 3 Mei 2021]

Vrae:

1. Wat dui die horisontale as op die grafiek aan?
2. Tydens watter maand en jaar het die herstel van COVID 19 gevalle begin toeneem?
3. Kies die korrekte antwoord. Tydens Julie 2020 was die herstelsyfer (meer /minder) as 100 000 mense.
4. Hoeveel mense het teen April 2021 herstel?
5. Sê of elk van die volgende stellings Waar of Onwaar is. Motiveer jou antwoord.

5.1 Die statistiek is die oggend van 3 Mei 2021 bekend gemaak.
5.2 Die aktiewe gevalle is meer as die sterftesyfer.
5.3 Die statistiek is van toepassing op die hele land.

6. Noem die gebied waar die meeste mense in die Kaapse Metropool herstel het.
7. Dink jy dit sou veilig om op daardie tydstip in Khayelitsha te gaan kuier?
   Motiveer jou antwoord.

**DIE ADVERTENSIE**

Die advertensie en strokiesprent word gewoonlik vir taalstrukture en -konvensies getoets.
'n Advertensie bemark of stel 'n produk of diens bekend. Emotiewe taal en oorreding word dikwels in advertensies gebruik.

**Kenmerke van die advertensie**

Die ABBA-beginsel sê dat 'n goeie advertensie VIER kenmerke moet hê:

| | |
|---|---|
| **A – aandag** | Die advertensie moet die aandag van die leser aangryp. |
| **B – behoefte** | Die belangstelling van die leser moet lank genoeg gehou word om die advertensie te lees. |
| **B – begeerte** | Die adverteerder wil hê die leser moet 'n begeerte na die produk hê. |
| **A – aksie** | Die adverteerder wil hê dat die leser moet aksie neem en die produk bestel of koop. |

- **Wat** word **geadverteer**?
  Produk /diens / byeenkoms / plek
- Wie is die **teikengroep**?

**Tegnieke wat gebruik word om aandag te trek:**

- letters: vetgedrukte letters / hoofletters / lettertipes / lettergroottes
- leestekens: uitroepteken / vraagteken / beletselteken
- uitleg: interessante lyne / agtergrond
- prente: foto's / prente van produk / mense

**Tegnieke wat gebruik word om die leser te oorreed / manipuleer:**

- Taalgebruik: "Beste", "top", "eksklusief", "spesiaal" "slegs/net"
- Retoriese vrae: Wil jy…? Sukkel jy…?
- Woordspeling, herhaling, nuutskeppings, slagspreuke.

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.





1. Hoe word die titel / kop beklemtoon?
2. Noem een visuele aanduiding dat 'n persoon sentimeters kan verloor.
3. Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies.
   Die leser word d.m.v. 'n vraag direk by die advertensie betrek. Die adverteerder probeer sodoende die leser (spot oor haar gewig / aanmoedig om gewig te verloor).
4. Wat word deur die slagspreuk beklemtoon?
5. Is die prent wat gebruik word, gepas? Motiveer jou antwoord.
6. 'n Mens behoort binne 'n kort tydjie resultate te sien. Haal DRIE OPEENVOLGENDE woorde as bewys aan.
7. Verduidelik hoe die leser met net R495 gemanipuleer word.
8. Noem een voordeel van die dieetplan en een voordeel van die oefenplan.

**DIE STROKIESPRENT**

Die doel van spotprente en strokies is om mense op ‘n grappige manier oor ‘n ernstige saak na te laat dink.

| Spotprent | Strokiesprent |
|---|---|
| Slegs een prent | Meer as een prent |
| | Prentjies volg chronologies |
| Randfiguurtjie leer kommentaar | Geen randfiguurtjie |

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




1. Waar speel die gebeure in prentjie 1 af?
2.1 Hoe voel meester in raampie 1?
2.2 Verskaf twee redes vir jou antwoord in 2.1 deur na sy gesigsuitdrukkings te verwys.
3. Wat doen meester in prentjie 2? Motiveer jou antwoord deur na die woord te verwys.
4. Verskaf die Afrikaanse woord vir *chill* in prentjie 3.
5. Word Meester letterlik of figuurlik warm? Motiveer jou antwoord.

# TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD

Dit dui op ’n persoon, plek, gebeurtenis, voorwerp.

*Wenke: Hoe weet ek of ’n woord as ’n selfstandige naamwoord gebruik word?*

1. Kan daar 'n **die** of '**n** voor die woord staan? 2. Het die woord 'n **meervouds- of ’n verkleiningsvorm**?

**Tipes selfstandige naamwoorde**

(Eselbruggie: M E V S A M)

**Maatnaam** = beskryf 'n afgemete deel van 'n massanaam (**emmer** water; 'n **lepel** suiker)
**Eienaam** (*proper nouns*) = spesifieke persone, plekke, organisasies, publikasies, ens.; neem gewoonlik nie meervoudsvorm aan nie (Kaapstad; Toyota; Anita, Pienaar)
**Versamelnaam** = dui op ‘n versameling, bv. **bos** blomme, **swerm** bye
**Soortnaam** (*common nouns*) = konkrete dinge wat getel kan word (stoel; hondehok)
**Abstrakte selfstandige naamwoord** (*abstract nouns*) = ontasbare dinge (liefde; geluk; blydskap )
**Massanaam** (*material nouns*) = goed wat eintlik nie getel kan word nie; neem meestal nie die meervoudsvorm aan nie. (water; suiker)

Die volgende aspekte word gewoonlik by selfstandige naamwoorde getoets:

***Meervoudsvorme:***

- **By lang klanke soos -oo- en -aa- sal die een -o- of -a- wegval,** bv. b**oo**m - b**o**me; sk**aa**p – sk**a**pe;
- **Die konsonant word verdubbel by kort klanke, bv**. b**o**m - bo**mm**e; pen - pe**nn**e
  **MAAR** vat - vate; gat - gate, glas – glase;
- **Sommige woorde wat in die enkelvoud met -f eindig**, verander na **-we** of -**te.**
  bv. gleuf - gleu**we**; stof - stow**we** MAAR skof – skof**te;**
- **Die -g in die enkelvoud val soms weg,** bv. maag - mae; trog - trôe; voeg – voeë;
- **Wisselvorme verwys na twee vorme van dieselfde woord.** bv. musikus - musikusse of musici;
- **Woorde wat op i, o, u en ‘n beklemtoonde -a eindig, kry ‘n afkappingsteken in die meervoud,** bv. mini - min**i’s**; foto - foto**’s**; balju - balju**’s**; pa - pa**’s** MAAR **ou**pas want die **klem val op die <u>ou</u>- en nie op <u>-a</u> nie.**

***Verkleining:***

- Woorde wat op **-ng** in ‘n **onbeklemtoonde lettergreep** eindig, kry **-kie** en die -**g** word **weggelaat**.
  bv**.** Doring-dorin**kie**; koning - konin**kie**; rekening – rekenin**kie;**
- Woorde wat op **-ng** in ‘n **beklemtoonde lettergreep** eindig, kry **-etjie** in die verkleining;
  Bv. ghong - ghong**etjie;** jong - jong**etjie; ring –** ring**etjie;**
- Woorde wat eindig op **-m** wat deur ’n diftong of lang klank bv. **oo, aa, ee, oo,** of **uu** vooraf gegaan word, kry **-pie**, bv. duim - duim**pie**; naam - naam**pie**; boom – boom**pie.**

- Woorde wat eindig op **<u>i, o, u</u>** en ‘n **beklemtoonde <u>-a</u>**, kry ‘n afkappingsteken in die verkleining. bv. mini - mini**’tjie**; radio - radio**’tjie; skadu** - skadu’tjie;
- **Afkortings, letters, simbole en syfers kry ‘n afkappingsteken**
  bv. TV - TV**’tjie; 9** - 9**’tjie;** m - m’etjie **;**
- **Eiename** wat eindig op **-s** of **-rs** wat nie uitgespreek word nie, kry ‘n afkappingsteken
  bv. Marais - Marais**’tjie ;** De Villiers - De Villiers**’tjie.**

**Onthou:** As die woord in die meervoudsvorm voorkom, moet die verkleining ook in die meervoudsvorm wees.

***Geslag***

**Dit wil sê die manlike of vroulike vorm.**

Daar word dikwels slegs ‘n **agtervoegsel by die woord gevoeg** om die **vroulike** vorm te verkry, bv**. -esse, -es, -in, -ster, ise, te**, bv. sekretaris **–** sekretar**esse;** onderwyser **-**onderwyse**res;** kelner **-** kelner**in;** verpleegster - verpleeg**ster;** akteur **-** **a**ktr**ise, orrelis –** orrelis**te;**

Daar is gevalle waar geen agtervoegsels voorkom nie, bv. mannetjie en wyfie, ram en eeu.

**BYVOEGLIKE NAAMWOORD**

DIE **BYVOEGLIKE NAAMWOORD** beskryf die selfstandige naamwoord.

***Atributief en Predikatief***

- Attributief
  Die byvoeglike naamwoord staan voor die naamwoord, bv. Die **ongemaklike** skoene maak my voete seer.
- Predikatief
  Die byvoeglike naamwoord staan na die selfstandige naamwoord, bv. Die skoene is baie **ongemaklik**!

***Letterlike*** *of* ***figuurlike*** *gebruik*

- **Ryk** mense — Hy het ‘n **ryke** verbeelding (*vivid imagination*)
- ‘n **Swaar** klip — **Sware** beproewings (*trials*)
- **Duur** toerusting aanskaf — Hy het ‘n **dure** les geleer.

***Intensiewe vorme*** is byvoeglike naamwoorde in die **versterkende graad**.

**Onthou:** Ons skryf hierdie vorm altyd vas (as een woord), behalwe by wawyd oop en nugter wakker.

- Skryf jou antwoord só neer dat die nasiener nie moet twyfel of dit los of vas geskryf is nie.
- Voorbeelde: bloedrooi, hemelhoog; hemelsbreed; plankdun; rietskraal; windskeef; broodnodig; propvol; stampvol.
- Moet dit nie met trappe van vergelyking verwar nie!

***Trappe van vergelyking***

**Oortreffend**

(die) hoogste
(die) fluks**ste** (dubbel -s)
Interessant**ste;** be**ste**
**mees** interessante

**Vergrotend**

ho**ër** (verbuiging)
fluks**er** (een -s)
interessant**er;** bet**er**
**meer** interessante

**Stellend**

hoog
fluks
interessant/ interessante; goed

- In die meeste gevalle word die VERGROTENDE trap van vergelyking gevorm deur **-er** agter aan die woord te voeg. Vergrotende trap = woord + er
- In die meeste gevalle word die OORTREFFENDE trap van vergelyking gevorm deur -**ste** agter aan die woord te voeg. Oortreffende trap = woord + ste ✓
- Woorde op e-uitgang kry meer en mees ✓

  .
  LET WEL:
- Skryf net die antwoord neer; die eerste een word nagesien. ✓
- Jy moet die antwoorde korrek spel, bv. woesste [**woes** eindig op 'n **-s**, daarom moet daar **twee s'e** in die woord **woesste** wees]. ✓
- Dubbele trappe van vergelyking (mees interessantste, meer bekender) is verkeerd. X
- Leer ook die volgende trappe van vergelyking:

| Stellend | Vergrotend | Oortreffend |
|---|---|---|
| baie | meer | meeste |
| goed | beter | beste |
| bietjie | minder | minste |

**DEELWOORDE**

Deelwoorde word van werkwoorde afgelei en word dan dikwels as byvoeglike naamwoorde gebruik.

***Teenwoordige (onvoltooide) deelwoord***: Hierdie soort deelwoorde dui aan dat die **handeling nog nie klaar** is **nie**. -**ende** word aan die einde van werkwoorde gevoeg, bv. sing**ende**, lagg**ende**

***Verlede (voltooide) deelwoord****:*

Hierdie soort deelwoorde dui aan dat die handeling al klaar is.

*Swak verlede deelwoord*: kry -te / -de aan die einde van werkwoorde: gesif**te**, gesteelde**;**

- *Sterk verlede deelwoord*: breek – gebroke.

**VOEGWOORDE**

Voegwoorde VERBIND **woorde** en **sinne** met mekaar.

**Daar is DRIE GROEPE voegwoorde**

| GROEP 1 | GROEP 2 | GROEP 3 |
|---|---|---|
| maar, want, en, trouens, inteendeel<br><br>***Voorbeeld: want***<br>**Sin 1:** Ek werk hard.<br>**Sin 2:** Ek wil slaag.<br><br>**Antwoord:** Ek werk hard, **want ek** wil slaag. | gevolglik, daarom, nogtans, tog, al, dan, toe (spasiëring)<br><br>***Voorbeeld: gevolglik***<br>**Sin 1:** Hulle skryf môre eksamen.<br>**Sin 2:** Hulle slaap vroeg.<br><br>**Antwoord:** Hulle skryf more eksamen; **gevolglik slaap** hulle vroeg. | omdat, terwyl, aangesien, tensy, as, sodat (spasiëring sommer self gekorrigeer)<br><br>***Voorbeeld: omdat***<br>**Sin 1: Sipho gaan vroeg huis toe.**<br>**Sin 2: Hy is baie moeg.**<br><br>**Antwoord:** Sipho gaan vroeg huis toe **omdat** hy baie moeg **is.** |
| **REËL**<br>**GEEN verandering in woordorde nie.** | **REËL**<br>**Eerste sin, voegwoord, dan skuif die werkwoord direk na die voegwoord.** | **REËL**<br>**Eerste sin, voegwoord, dan skuif die werkwoord na die einde van die sin.** |
| **PUNKTUASIE**<br>**Komma** voor want, en, sowel, as (Gee voorbeelde waar ***en*** met of sonder komma vooraan is.)<br>**Kommapunt** voor trouens en inteendeel. | **PUNKTUASIE**<br>**Komma** voor al, dan, toe<br>**Kommapunt** voor die res. | **PUNKTUASIE**<br><br>**GEEN** punktuasie nie. Dit geld nie vir al die voegwoorde nie. |

**LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM**

***Sin****: Die man vang 'n vis.*
**(Let Wel:** Die bostaande sin is in die bedrywende vorm geskryf, want die **onderwerp** staan voor, dan volg die **gesegde** en daarna die **voorwerp**.)

***Daar is 'n paar stappe wat jy moet volg om die sin korrek in die lydende vorm te skryf.***

1. ***Bepaal die tyd van die sin deur na die gesegde te kyk.***
   *Die gesegde is* ***vang.*** *Die sin is dus in die* ***teenwoordige tyd.***
2. **Bepaal die Onderwerp** – dit/ die persoon of persone wat die handeling doen.
   Jy vra dus die vraag: **Wie of wat vang?**
   **Die onderwerp = Die man**
3. **Bepaal die Voorwerp-** Dit waarop/ op wie die handeling toegepas word.
   Jy vra dus die vraag: **Vang wie/ wat?**
   **Die voorwerp = 'n vis**

- **Ruil nou die plekke van die onderwerp en voorwerp om die lydende vorm te verkry.**
  In die Lydende vorm moet die **voorwerp** voor staan, dan volg die **gesegde** en daarna die **onderwerp**. Voorbeeld : **'n Vis** word deur **die man** gevang.

- Let op hoe die **werkwoord verander**:

| Tyd | Bedrywende vorm | Lydende vorm |
|---|---|---|
| **Teenwoordige tyd** | *Die man **vang ʻn** vis.* | *ʻn Vis **word** deur die man **gevang.*** |
| **Verlede Tyd** | *Die man **het** ʻn vis **gevang.*** | *ʻn Vis **is** deur die man **gevang.*** |
| **Toekomende Tyd** | *Die man **sal** ʻn vis **vang.*** | *ʻn Vis **sal** deur die man **gevang word.*** |

- Die sin se **betekenis** moet **nie verander nie.** Daarom is ʻʻ*Die man word deur die vis gevang.ʼʼ* nie die korrekte lydende vorm van die sin ʻʻ*Die man vang ʻn vis*.ʼʼ nie.

**DIREKTE REDE EN INDIREKTE REDE**

**Direkte rede**

Die direkte rede is iemand se direkte, presiese woorde. Omdat dit presies is wat die persoon gesê het, moet dit **tussen aanhalingstekens** geskryf word. Die sin sal so lyk:

**Joan vra: "Mamma, is dit regtig alweer my beurt?"**

- **:** Dubbelpunt voor die direkte rede.
- **"..."** Aanhalingstekens voor en na die direkte woorde.
- Mamma**,** ʻn Komma word ná die naam van die aangesprokene gebruik.
- **Joan** Die naam van die persoon wie se woorde dit is.
- **Vra** Hierdie werkwoord dui ʻn vraagsin aan; daarom is daar ʻn vraagteken aan die einde van die sin.
- My beurt**?** Die leesteken aan die einde van die sin word **ALTYD BINNE** die aanhalingstekens geplaas.

**Algemene foute:**

- Wanneer jy met die direkte rede begin, kom daar nie ʻn punt aan die einde van die sin nie.
  - "Moenie vergeet om die potte ook te was nie." sê Mamma. X
  - "Moenie vergeet om die potte ook te was nie**,**" sê Mamma. √
- Die leesteken aan die einde van die sin moet ALTYD BINNE die aanhalingtekens staan.
  - Grace sê: "Ek het jou gesê dit is vandag jou beurt, Joan"! X
  - Grace sê: "Ek het jou gesê dit is vandag jou beurt, Joan**!**" √

**Die indirekte rede**

- In die indirekte rede herhaal ʻn mens die woorde van iemand anders wanneer jy dit **oorvertel**.
  *Grace lag en sê: ʻʻDit is vandag jou beurt, Joan**!**ʼʼ*
  *Grace sê **laggend** aan Joan <u>dat</u> dit vandag <u>haar</u> beurt is.*

- **Let op die volgende veranderinge in die INDIREKTE REDE:**
  - Die aanhalingstekens val weg.
  - Die dubbelpunt val weg.
  - Die uitroepteken word vervang met ʻn emosiewoord of uitroep. Laggend sê vir ons wat die emosie in hierdie geval is.
  - Die voornaamwoord verander. (***jou*** beurt word ***haar*** beurt).
  - Voegwoorde van groep 3 word meestal gebruik om die sin in die indirekte rede oor te skryf en vervang die dubbelpunt. (dat) Daarom skuif die werkwoord tot aan die einde van die sin.
  - By die verlede tyd verander **vandag na daardie dag.**

- Die werkwoorde **is, het, word** en **wees** skuif na die einde van die sin na die hoofwerkwoord, MAAR **voor die infinitief**. Die infinitief bly aan die einde van die sin!
- Die hulpwerkwoorde **sal, sou, kan, kon, wil, wou, moet, moes, mag** en **gaan** skuif na die einde van die sin, **voor** die hoofwerkwoord.
  - "Ons **sal** betyds klaar wees, Joan," troos Grace.
  - Grace troos Joan en sê dat hulle betyds klaar **sal wees**.
- Wanneer die **eerste deel** van die indirekte **rede in die verlede tyd is, verander die tyd-, plek- en werkwoorde:**
  - Jane het gesê: "Ek wil nie **vandag** laat wees nie."
  - Jane het gesê dat sy nie **daardie dag** laat wou wees nie.

| **DIREK** | **INDIREK** | **DIREK** | **INDIREK** |
|---|---|---|---|
| hier | daar | vanjaar | daardie jaar |
| hiernatoe | daarnatoe | gister | die vorige dag |
| hierdie | daardie | gistermiddag | die vorige middag |
| nou /dan | toe | gisteraand | die vorige aand |
| vandag | daardie dag | eergister | twee dae gelede |
| môre | die volgende dag | môre middag | die volgende middag |
| môre aand | die volgende aand | oormôre | oor twee dae |
| wil /sal | wou /sou | kan /moet | kon / moes |

**VOORNAAMWOORDE** verander in die indirekte rede:

| **Direkte rede** | **Indirekte rede (manlik)** | **Indirekte rede (vroulik)** |
|---|---|---|
| Ek | Hy (he) | Sy (she) |
| My | Sy (his) | Haar (Her) |
| myne | Syne (his) | Hare (hers) |
| Jy | Hy (he) | Sy (she) |
| Jou | Sy (his) | Haar (her) |
| Joune / joue | Syne (his) | Hare (hers) |
| Julle / ons | Hulle (they) | Hulle (their) |

**BETEKENISLEER**

- **Sinonieme** is woorde met **min of meer dieselfde betekenis**. Die woorde beteken nie heeltemal dieselfde nie. Voorbeelde: Die onderwyser gee my 'n **taak** om te doen**.** Ek moet nog die **opdrag** uitvoer.
- **Antonieme** is woorde met die **teenoorgestelde betekenis**. Voorbeelde: Die wat **eerste** is, sal **laaste** wees.

- **Homofone**
  Die woord "homofoon" kom van die Latynse woorddele "homo" wat "dieselfde" beteken en "foon" wat na klank verwys. Homofone is dus woorde waarvan die uitspraak dieselfde is (dit klink dieselfde), maar die spelling en betekenis verskil.
  Voorbeelde: Hy dra 'n **vaal** (kleur**)** broek. sy **faal** (misluk**)** in haar poging om die wêreldrekord te verbeter. Die meisie ry is **fiets** (bicycle). Die meisie lyk **viets** (netjies, sjiek).
- **Homonieme**
  Homonieme is woorde wat **dieselfde gespel (geskryf**) en **uitgespreek** word, maar hul **betekenis** verskil.
  Voorbeelde: Hy staan op die **leer** (klimtoestel). Die handsak is van **leer** (diervel) gemaak.
  Die **steel** (handvatsel) van die byl het gebreek. Die kinders **steel** (vat sonder toestemming) vrugte.

As jy sukkel om homonieme en homofone van mekaar te onderskei, sal die tabel hieronder jou help om die verskil tussen homonieme en homofone te onthou:

| | **Homonieme** | **Homofone** |
|---|---|---|
| **Spelling** | Dieselfde (**D**) | Verskil (**V**) |
| **Uitspraak** | Dieselfde (**D**) | Dieselfde (**D**) |
| **Betekenis** | Verskil (**V**) | Verskil (**V**) |

***Luister gerus hierna:*** *(Bron: Youtube)*


*https://drive.google.com/file/d/1L_MIB4dpXg3xxhveTSzm1YcBxT_FpDFN/view?usp=sharing*

- Paronieme is woorde wat dieselfde stam (basisvorm) het, maar die spelling en betekenis verskil; die woorde word verskillend gespel en elke woord het 'n ander betekenis.
  Voorbeeld: Die vrou tree kinderagtig (soos 'n kind) op. Die egpaar is kinderloos (sonder kinders). Die woorde "kinderagtig" en "kinderloos" het dieselfde stam (= kind).
- Polisemie is woorde waarvan die **uitspraak** en die **spelling** dieselfde is. Dit het verskeie maar verwante betekenisse.
  Voorbeeld: Die skool (leerders of skoolgemeenskap) het verdaag. Die skool (gebou) word opgeknap.

**OEFENINGE**

**Advertensie : Selfstandige en byvoeglike naamwoorde**

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg:




[Verwerk uit: *Bella* Mei 2017]

Kies die korrekte antwoord om die onderstaande sin mee te voltooi.
Skryf net die vraagnommer (1) en die antwoord (A–D) neer, bv. 1 D.

1. Die KOP/ TITEL van die advertensie "MOEG VIR MUSKIETE" is effektief omdat dit…
   A. die leser betrek deur 'n vraag te vra.
   B. formele taal is.
   C. 'n uitroepsin is en aandag trek.
   D. die advertensie persoonlik wil maak.
2. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.
   Dis tyd om die (nuut) muskietvanger aan te skaf.
3. Dink jy die adverteerder kry dit reg om die leser te manipuleer?
   Skryf `n voorbeeld van MANIPULASIE uit die advertensie neer.
4. Wat moet jy doen om vir jou 'n muskietvanger te bestel?
5. Verbeter die spelfout in die onderstaande sin.
   Vooraad is uiters beperk!
6. Kyk na die LYFTAAL van die mense in die prentjie. Dink jy die muskietvanger is effektief?
   Motiveer jou antwoord.
7. Skryf EEN woord uit die advertensie neer wat bewys dat die lantern ook sonder elektrisiteit kan werk.
8. Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies
   Die (dames) sit saans rustig onder die bome.
9. Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies in die onderstaande sin.
   Die lantern verjaag muskiete uit jou (persoonlik) ruimte.

**Oefening: Intensiewe vorme**

Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte byvoeglike naamwoorde:

1. Ek het my **lam** geskrik toe die **lelike** man my lastig geval het.
2. Pa was **kwaad,** want iemand het sy **nuwe** motor beskadig.
3. James het met Peter baklei en nou is sy een oog **blou**.
4. As jy daardie **harde** lekker eet, sal jy jou tande beskadig.
5. Die saal is so **vol** dat party leerders op die vloer moet sit.
6. Sy mond was **droog** van al die spanning.

**Strokiesprent: Deelwoorde, voegwoorde, lydende vorm**

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.




1. Verbind die volgende sinne deur die voegwoorde tussen hakies te gebruik.

1.1. Moenie die eksperiment by die huis probeer nie. Dit is gevaarlik. (want)

1.2. Wilhelmpie het die eksperiment laas jaar by die huis probeer. Dit was gevaarlik. (al)

1.3 Wilhelmpie is beseer. Meester is besorgd oor ons veiligheid. (gevolglik)

1.4. Wilhelmpie het nie geluister nie. Hulle huis is vernietig. (aangesien)

2. Sê of elk die onderstreepte woorde voorbeelde van Verlede of Teenwoordige deelwoorde is.

2.1 Die <u>gebreekte</u> glas het oral rondgelê.

2.2. Na die ramp was Wilhelmpie se ouers <u>gebroke.</u>

3. Skryf die volgende sinne in die **lydende vorm.**

3.1 Meester voer die eksperiment uit.

3.2 Die eksperiment het Wilhelmpie se huis vernietig.

3.3 Die kontrakteur sal die huis herbou.

**Oefening: Deelwoorde**

Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:

1. Ek het eers op agtien uitgevind dat ek ’n (aanneem) kind is.
2. Ek is mal oor ons (voorskryf) boeke in gr. 11.
3. Daar is niks lekkerder as (kerf) biltong op ’n sny vars (bak) brood nie.
4. Die (slyp) skelm het ons almal om die bos gelei.
5. Die (mishandel) vrou het ’n (lap) broek aangehad.

**Strokiesprent: Betekenisleer, Direkte en Indirekte Rede**

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

**Raampie 1** **Raampie 2** **Raampie 3**




1. Gee ‘n **sinoniem** vir elk van die onderstaande woorde

1.1. rekenaars en

1.2. periode in raampie 1.

2. Gee die **Afrikaans** vir die woord *save* in raampie 1.

3. Verskaf die **antoniem** vir die woord **reg** in raampie 2.

4. Verskaf ‘n **sinoniem** vir die woord **haai** in prentjie 3.

5. Gebruik nou die **homoniem** van die woord **haai** in ‘n betekenisvolle sin.

6. Skryf die volgende sinne in die Indirekte Rede.

6.1. Meester sê: “Dit is belangrike werk wat julle nou op die rekenaars doen.”

6.2. Meester het gesê: “Die periode is nou verby.”

6.3. Neelsie vra: Weet een van julle dalk hoe ‘n mens Solitaire stoor?

**MOONTLIKE ANTWOORDE**

**Spotprent 1**

1. In ‘n supermark
2. Onwaar, Suid-Afrika
3. Die kos word baie duur.
4. Hulle albei ly aan vetsug.
5. Pa en dogter / vader en dogter / ouer en kind (enige een)
6. Hulle is geskok / bekommerd / onseker (enige een)
7. Ja, die trollie is leeg, die man lyk onseker oor wat hy moet koop.
8. Figuurlik, want wat die dogter sê, is nogal belangrik / Figuurlik, want die dogter het ‘n punt beet.
9. Nee, sommige mense is arm en kan nie kos bekostig nie. / Daar sal baie mense wees wat honger ly, want baie is werkloos.

**Spotprent 2**

1. Haasbroek
2. Onwaar. “Volksblad”
3. Hoopstad
4. Boeta het matriek geslaag.
5. ‘n Mens verwag dat Boeta wat geslaag het, fees sal vier.
6. Nee, hy neem nie deel aan die feesviering nie. Die dinkborrel dui aan dat hy nie omgee nie.

**Grafiese Teks 1**

1. Afrika
2. goed / groot
3. Australië
4. 198 / honderd agt en neëntig / honderd-agt-en-neëntig
5. 1999
6. toegeneem
7. Meer navorsing kan gedoen word om die siekte te keer. Die mense moet meer verantwoordelik optree. Hulle kan teen malaria ingeënt word.

**Grafiese Teks 2**

1. Maande van die jaar
2. Mei 2020
3. Minder
4. 284289

5.1 Onwaar, dit is om 13:00 die middag bekend gemaak.
5.2 Onwaar, die sterftes is 11627 terwyl die aktiewe gevalle slegs 1941 is.
5.3 Onwaar, dis slegs van toepassing op die Wes-Kaap.

6. Tygerberg
7. Nee, baie min mense het daar herstel. Jy kan jouself aan die virus blootstel omdat min mense daar herstel het.

**Advertensie 1: Begripsvrae**

1. d.m.v. vetdruk en hoofletters
2. Die maatband om die woord *Huisgenoot*
3. aanmoedig om gewig te verloor
4. Die verloor van gewig. / Die groet van die kilo's.
5. Ja, die dame glimlag d.w.s. die oefening is nie te moeilik nie of sy geniet wat sy doen. Die dame is ook skraal en het dus gewig verloor.
6. "binne 12 weke"
7. Die woordjie **net** dui aan dat die produk nie duur is nie. Verder word R495 i.p.v. R500 gebruik.
8. Voordele van die oefenplan: Dis ontwerp om vet te verbrand en jou spiere te definieer, daar is 'n video wat die oefeninge demonstreer, die plan begin met maklik en vorder na moeilik sodat almal dit kan baasraak. (enige een)
   Voordele van die eetplan: Die eetplan verseker dat jy genoeg energie het en is aanpasbaar met propvol gesonde kos. Jy kan dit net so gebruik of met kos in jou yskas aanpas. (enige wen)

**Strokiesprent 1: Begripsvrae**

1. Binne die klaskamer

2.1 kwaad

2.2 Sy oë is groot en sy mond is oop, sy voorkop is gefrons.

2. Hy skree luidkeels. Die woord is in hoofletters en vetdruk geskryf.
3. Dit word ook deur 'n uitroepteken gevolg.

4. Bedaar

5. Figuurlik, want hy is smoorkwaad.

**Advertensie 2**

1. A – die leser betrek deur `n vraag te vra.
2. nuutste
3. Ja, Voorraad is uiters beperk!
4. Voorraad
5. Skakel/bel om `n bestelling te plaas. / Skakel/bel 011 – 4657891. /stuur `n e-pos … (Of soortgelyk)
6. Ja, die mense sit rustig buite. / Daar is nie muskiete wat hulle pla nie.
7. Koordloos / herlaaibaar
8. here
9. persoonlike

**Oefening: Intensiewe vorme**

1. boeglam, skreeulelik**e (Let Wel: Die e- word bygevoeg omdat die woord in die verboë vorm geskryf word.)**
2. smoorkwaad, splinternuw**e (Let Wel: Die e- word bygevoeg omdat die woord in die verboë vorm geskryf word.)**
3. potblou
4. klipharde **(Let Wel: Die e- word bygevoeg omdat die woord in die verboë vorm geskryf word.)**
5. stampvol
6. kurkdroog

**Strokiesprent: Voegwoorde en deelwoorde**

1.1 Moenie die eksperiment by die huis probeer nie, want dit is gevaarlik.
1.2 Wilhelmpie het die eksperiment laas jaar by die huis probeer, al was dit gevaarlik.
1.3. Wilhelmpie is beseer; gevolglik is meester besorgd oor ons veiligheid.
1.4. Aangesien Wilhelmpie nie geluister het nie, is hulle huis vernietig. / Hulle huis is vernietig aangesien Wilhelmpie nie geluister het nie.

2.1 verlede deelwoord
2.2. Verlede deelwoord

3.1 Die eksperiment word deur Meester uitgevoer.
3.2 Wilhelmpie se huis is deur die eksperiment vernietig.
3.3 Die huis sal deur die kontrakteur herbou word.

**Oefening : Deelwoorde**

1. aangenome
2. voorgeskrewe
3. gekerfde, gebakte
4. geslepe
5. mishandelde, gelapte

**Die strokiesprent: Betekenisleer**

1.1. Kompers (moet meervoudsvorm aanneem)
1.2. lesuur/ les
2. stoor
3. verkeerd
4. Hello (groetvorm)
5. Die haai het die man gebyt. (Of iets dergliks)
6.1 Meester **sê** dat dit belangrike werk is wat hulle **nou** op die rekenaars doen.
6.2 Meester **het gesê** dat die periode **toe** verby is.
6.3 Neelsie vra of een van hulle dalk weet hoe ‘n mens Solitaire stoor.

Oefen, oefen, oefen ... totdat jy gereed is vir enige assessering!
Gebruik ***LEEROOMBLIKKE*** (leer kort / een aspek op ‘n slag)
om sukses te behaal.